

Handelinge 24

Handelinge 24:1-27

1 En vyf dae daarna het die hoëpriester Ananías met die ouderlinge en 'n sekere advokaat Tertúllus afgekom en Paulus by die goewerneur aangeklaag. 2 En toe hy opgeroep is, begin Tertúllus hom beskuldig en sê: 3 Dat 'n groot vrede deur u, hoogedele Felix, ons te beurt val, en dat daar hervorminge deur u voorsorg in elke opsig en oral vir hierdie nasie tot stand kom, neem ons met alle dankbaarheid aan.

4 Maar om u nie te lank op te hou nie, versoek ek u om ons in u vriendelikheid kortliks aan te hoor.

5 Want ons het gevind dat hierdie man 'n pes is en 'n verwekker van oproer onder al die Jode in die wêreld en 'n voorman van die sekte van die Nasaréners, 6 wat selfs probeer het om die tempel te ontheilig. Ons het hom gevange geneem en wou hom volgens ons wet oordeel; 7 maar Lísias, die owerste oor duisend, het gekom en hom met groot geweld uit ons hande weggeneem 8 en bevel gegee dat sy beskuldigers voor u moet kom. Van hom sal u self, ná ondersoek, kennis kan verkry van al hierdie dinge waarvan ons hom beskuldig.

9 En die Jode het ook saamgestem en gesê dat dit so was.

10 En nadat die goewerneur vir hom gewink het om te praat, het Paulus geantwoord: Omdat ek weet dat u oor hierdie volk al baie jare lank regter is, verdedig ek my saak met goeie moed, 11 aangesien u te wete kan kom dat dit nie meer as twaalf dae is vandat ek opgegaan het om in Jerusalem te aanbid nie. 12 En hulle het my nie in die tempel gevind, besig om met iemand te praat of 'n opstand van die volk te verwek nie, en ook nie in die sinagoges of in die stad nie. 13 En hulle kan ook die dinge waarvan hulle my nou beskuldig, nie bewys nie.

14 Maar dit erken ek voor u dat ek volgens die Weg wat hulle sekte noem, so die God van my vaders dien, terwyl ek alles glo wat in die wet en in die profete geskrywe is, 15 en 'n hoop op God het, 'n hoop wat hulle self ook verwag, dat daar 'n opstanding sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges. 16 Daarom oefen ek my ook om altyd voor God en die mense 'n rein gewete te hê.

17 Maar ná baie jare het ek gekom om aan my volk aalmoese te bring en offers. 18 En terwyl ek hiermee besig was, het sekere Jode uit Asië my in die tempel gevind nadat ek geheilig was, nie met 'n skare of met 'n opskudding nie. 19 Hulle behoort hier voor u te wees om beskuldiging in te bring as hulle iets teen my het. 20 Of laat

hierdie manne self sê of hulle enige onreg in my gevind het toe ek voor die Raad gestaan het, 21 behalwe oor hierdie een woord wat ek uitgeroep het terwyl ek onder hulle gestaan het, naamlik: Oor die opstanding van die dode staan ek vandag by u voor die gereg!

22 Toe Felix dit hoor, het hy hulle saak uitgestel, alhoewel hy noukeurig genoeg met die dinge van die Weg bekend was; en hy het gesê: Wanneer Lísias, die owerste oor duisend, afkom, sal ek julle saak ten volle ondersoek.

23 En hy het die hoofman oor honderd beveel om Paulus te bewaak, maar dat hy verligting moes hê, en dat hy niemand van sy eie mense moes verhinder om hom te bedien of te besoek nie.

24 En 'n paar dae daarna het Felix gekom saam met Drusílla, sy vrou, wat 'n Jodin was, en het Paulus laat haal en hom aangehoor oor die geloof in Christus. 25 Maar toe hy spreek oor geregtigheid en selfbeheersing en die toekomstige oordeel, het Felix baie bang geword en geantwoord: Gaan vir hierdie keer heen, en as ek 'n geleentheid vind, sal ek jou laat roep.

26 En tegelykertyd het hy ook gehoop dat geld aan hom deur Paulus sou gegee word om hom los te laat. Daarom het hy hom ook dikwels laat haal en met hom gesprekke gehad.

27 Maar twee jaar het verbygegaan, en toe kry Felix vir Porcius Festus as opvolger; en omdat Felix aan die Jode 'n guns wou bewys, het hy Paulus as gevangene agtergelaat.

1. Handeling 24:1-23 – Paulus se verhoor voor Felix

1.1 Handeling 24:1-9 – Die Jode stel hulle klag teen Paulus

1 En vyf dae daarna het die hoëpriester Ananías met die ouderlinge en 'n sekere advokaat Tertúllus afgekam en Paulus by die goewerneur aangeklaag.

2 En toe hy opgeroep is, begin Tertúllus hom beskuldig en sê: 3 Dat 'n groot vrede deur u, hoogedele Felix, ons te beurt val, en dat daar hervorminge deur u voorsorg in elke opsig en oral vir hierdie nasie tot stand kom, neem ons met alle dankbaarheid aan.

4 Maar om u nie te lank op te hou nie, versoek ek u om ons in u vriendelikheid kortliks aan te hoor.

5 Want ons het gevind dat hierdie man 'n pes is en 'n verwekker van oproer onder al die Jode in die wêreld en 'n voorman van die sekte van die

Nasaréners, 6 wat selfs probeer het om die tempel te ontheilig. Ons het hom gevange geneem en wou hom volgens ons wet oordeel; 7 maar Lísias, die owerste oor duisend, het gekom en hom met groot geweld uit ons hande weggeneem 8 en bevel gegee dat sy beskuldigers voor u moet kom. Van hom sal u self, ná ondersoek, kennis kan verkry van al hierdie dinge waarvan ons hom beskuldig.

9 En die Jode het ook saamgestem en gesê dat dit so was.

1.1.1 Vrae by Handeling 24:1-9

- | |
|---|
| 1. Wie almal van die Jode het na Cesarea gereis om hulle saak teen Paulus te stel? (vers 1) |
| 2. Wat kan 'n mens uit hierdie afvaardiging van die Jode aflei oor die Jode se bedoeling met Paulus? (vers 1) |

Vyf dae later – waarskynlik vyf dae na Paulus se aankoms in Cesarea – het die Joodse Raad niemand minder as die **hoëpriester Ananias** self en **die ouderlinge** na Felix gestuur. Saam met hulle het daar ook 'n sekere **advokaat Tertullus** saamgekom.

Hierdie hoë afvaardiging van die Joodse Raad – die hoëpriester – **wys dat die saak teen Paulus vir die Joodse Raad van uiterste belang is**. Hulle stuur nie net maar enige van die priesters nie, maar die hoëpriester en saam met hom ook nog ouderlinge. Die hoëpriester en die ouderlinge gaan egter nie die saak stel nie. Daarvoor het hulle advokaat Tertullus gekry. Tertullus is 'n opgeleide spreker wat met goed uitgewerkte argumente die Jode se saak teen Paulus sal kan stel.

Die Joodse Raad is nie van plan om weer deur Paulus se woorde in 'n warboel gegooi te word nie. Hulle wil ook nie die kans waag dat Paulus die goewerneur oorheers nie. **Daarom het hulle 'n professionele spreker gekry wat opgewasse sal wees teen die vermoëns van Paulus**. Die Joodse Raad sal met niks minder tevrede wees as met 'n veroordeling van Paulus nie.

- | |
|--|
| 3. Wat is Tertullus se oogmerk as hy Felix so prys aan die begin van sy toespraak?
(vers 2-4) |
| 4. Watter klagtes lê Tertullus teen Paulus? (vers 5-6) |

Tertullus is besig om Felix met vleitaal aan die Jode se kant te kry of ten minste om die Jode se saak gunstiger aan te hoor as wat hy Paulus se saak sal aanhoor. Hy spreek Felix as *hoogedele* aan. Dit is 'n aanspreekvorm wat dikwels vir mense gebruik is wat 'n hoër pos as Felix beklee het. Dan maak hy melding van *groot vrede* en *hervorminge* wat Felix teweeg sou gebring het. Uit die buite Bybelse bronne en veral uit die werk van Josefus is dit duidelik dat Tertullus 'n klomp twak praat. Felix het enige opstand of moontlike opstand met die grootste geweld onderdruk. En baie Jode was slagoffers van sy gewelddadige onderdrukking. Die oënskynlike vrede wat in Judea geheers het, was nie omdat Felix se regering kalmte meegebring het nie. Dit was eerder 'n vrede as gevolg van vrees vir die geweld waarmee Felix te werk gaan.

Tertullus is besig om Felix as die groot vredemaker te teken aangesien hy Paulus as die groot oproermaker wil voorstel. Met hierdie gevele van Felix hoop Tertullus dat Felix met dieselfde wreedheid teenoor Paulus sal optree as waarvoor hy eintlik bekend is as goewerneur.

Tertullus het drie klagtes teen Paulus gelê. Die eerste beskuldiging is eerder persoonlik van aard. Tertullus noem Paulus 'n **pes**. Met hierdie benaming gee Tertullus uiting aan sy en die Joodse Raad se veragting van Paulus. Hulle het geen goeie woord oor Paulus te sê nie. Die tweede beskuldiging is polities van aard. Paulus word beskuldig dat **hy 'n verwekker van oproer onder die Jode is**. Met hierdie aanklag wou Tertullus verseker dat Felix die klagtes teen Paulus ernstig sou opneem, aangesien die Romeine glad nie enige oproer in hulle ryk geduld het nie.

Tertullus het onbedoeld eintlik getuienis gegee van die reikwydte van Paulus se werk. Hy het Paulus daarvan beskuldig dat hy oproer onder al die Jode in die wêreld verwek. Die enigste sogenaamde bewys wat ook as 'n deel van die politieke klag teen Paulus is, is dat hy Paulus 'n voorman van die sekte van die Nasareners noem. Die Jode het die volgelinge van Jesus eintlik met die naam Nasareners gespot

omdat hulle van oortuiging was dat daar uit Nasaret niks goeds kan kom nie. Galilea is beskou as die broeiplek van elke soort oproer teen die wettige regering van die Romeine.

Die derde beskuldiging teen Paulus is **godsdienstig van aard**. Tertullus beskuldig Paulus dat hy die tempel van die Jode probeer ontheilig het. Hierdie is die enigste beweerde klag teen Paulus, maar tog versag Tertullus die klag wat die Asiese Jode uitgeskreeu het. Die Jode van Asië het gesê dat Paulus reeds die tempel ontheilig het deur Grieke in die tempel in te bring (Hand 21:28). Tertullus verskaf egter geen bewyse vir hierdie bewering teen Paulus nie.

Met hierdie derde klag teen Paulus het Tertullus Felix daarop gewys dat die Romeine aan die Jode die reg gegee het om mense wat die tempel ontheilig kan doodmaak. Daarmee het hy die erns van die klagtes teen Paulus beklemtoon en die uitslag probeer stuur in die rigting van die doodstraf vir Paulus deur die owerheid.

- | |
|---|
| 5. Wat berig Tertullus het die Jode met Paulus gedoen? (vers 6) |
| 6. Waarom noem Tertullus die optrede van Liasias terwyl die Jode in werklikheid vir Paulus wil aankla? (vers 7-8) |
| 7. Hoe sal die Felix van Paulus se skuld oortuig raak, sê Tertullus? (vers 8, 9) |

In ooreenstemming met die brief wat Liasias aan die goewerneur geskryf het, sê Tertullus dat die **Jode Paulus gevange geneem het**. Liasias het egter in die brief melding gemaak dat die Jode op die punt was om Paulus om die lewe te bring (Hand 23:27). Tertullus verswyg dit egter, want dit sal die Jode in 'n slegte lig by Felix gestel het. Dit sou lyk asof die Jode reg in eie hande neem en dit nie deur die regte kanale wil hanteer nie. In plaas daarvan om te sê dat Jode op die punt was om vir Paulus dood te maak, sê Tertullus dat **die Jode Paulus volgens hulle wet wou oordeel**. Hy beweer dat hulle op 'n wettige wyse eers ondersoek wou instel voordat hulle dit voor die gereg sou bring.

Tertullus gee in sy betoog die feite op so 'n wyse weer dat dit lyk asof Liasias eintlik die wettige ondersoek wat die Jode met Paulus wou gedoen het, onderbreek het.

En nou het hy ook nog bevel gegee dat die beskuldigers van Paulus voor die goewerneur moet verskyn. **In sy betoog wil Tertullus vir Lisias in 'n slegte lig stel** en maak asof hy nou eintlik die rede is waarom die goeweneur se tyd gemors word met hierdie ou sakie. Volgens Tertullus het Lisias eintlik die Jode se regsproses onderbreek.

Dit is opmerklik dat Tertullus in sy betoog nie een bewys vir enige van die aanklagte teen Paulus lewer nie. Selfs nie eers die hoëpriester of enige van die ouderlinge het bewyse voorgelê nie. Hulle het eenvoudig Tertullus se betoog beaam. Miskien wou hy daarmee onderstreep dat Lisias buite orde opgetree het. Maar aangesien die Jode nie enige bewyse voorlê nie, is Tertullus van oortuiging **dat Felix deur sy ondersoek van Paulus self die bewyse sal vind vir die klagtes teen hom.** Tertullus en die Jode het daarop staat gemaak dat Paulus homself sou impliseer wanneer Felix hom gaan ondervra.

1.2 Handeling 24:10-21 – Paulus verdedig homself

10 En nadat die goewerneur vir hom gewink het om te praat, het Paulus geantwoord: Omdat ek weet dat u oor hierdie volk al baie jare lank regter is, verdedig ek my saak met goeie moed, **11** aangesien u te wete kan kom dat dit nie meer as twaalf dae is vandat ek opgegaan het om in Jerusalem te aanbid nie. **12** En hulle het my nie in die tempel gevind, besig om met iemand te praat of 'n opstand van die volk te verwek nie, en ook nie in die sinagoges of in die stad nie. **13** En hulle kan ook die dinge waarvan hulle my nou beskuldig, nie bewys nie.

14 Maar dit erken ek voor u dat ek volgens die Weg wat hulle sekte noem, so die God van my vaders dien, terwyl ek alles glo wat in die wet en in die profete geskrywe is, **15** en 'n hoop op God het, 'n hoop wat hulle self ook verwag, dat daar 'n opstanding sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges. **16** Daarom oefen ek my ook om altyd voor God en die mense 'n rein gewete te hê.

17 Maar ná baie jare het ek gekom om aan my volk aalmoese te bring en offers. **18** En terwyl ek hiermee besig was, het sekere Jode uit Asië my in die tempel gevind nadat ek geheilig was, nie met 'n skare of met 'n opskudding nie. **19** Hulle behoort hier voor u te wees om beskuldiging in te bring as hulle iets teen

my het. 20 Of laat hierdie manne self sê of hulle enige onreg in my gevind het toe ek voor die Raad gestaan het, 21 behalwe oor hierdie een woord wat ek uitgeroep het terwyl ek onder hulle gestaan het, naamlik: Oor die opstanding van die dode staan ek vandag by u voor die gereg!

1.2.1 Vrae by Handeling 24:10-21

- | |
|--|
| 1. Hoe verskil die begin van Paulus se betoog van dié van Tertullus? (vers 10-11) |
| 2. Waarom sê Paulus dat hy skaars twaalf dae gelede na Jerusalem opgegaan het? (vers 11) |
| 3. Wat is Paulus se verdediging teen die tweede klagte van die Jode? (vers 12) |

In teenstelling met Tertullus se vleitaal, is Paulus se inleiding kort en kragtig en beleefd. Paulus gee erkenning dat Felix al 'n geruime tyd regter is oor die Jode. Aangesien Felix die Jode al so goed ken, kan Paulus sy saak met goeie moed voor hom stel. Tertullus het net die Jode se klagtes aan Felix genoem, maar geen bewyse vir enige van die klagtes voorgelê nie. Paulus, aan die ander kant, begin met die feite.

Die eerste feit wat hy aan Felix voorhou is dat hy maar skaars twaalf dae gelede na Jerusalem gekom het. Van hierdie twaalf dae was hy hoogstens sewe dae in Jerusalem. Dit was eerder ses dae wat hy in Jerusalem was, aangesien hy reeds vyf dae in Cesarea is en die reis van Jerusalem na Cesarea het ook omtrent 'n dag lank geduur. **Dus het hy wat Paulus is eintlik nie veel tyd gehad om 'n pes in Jerusalem te wees soos wat die Jode hom beskuldig nie.**

Die Jode se tweede klagte is dat Paulus 'n verwekker van oproer is onder al die Jode in die wêreld. Teenoor hierdie klagte sê Paulus wat hy eintlik in Jerusalem kom doen het – **hy het gaan aanbid**. Later noem hy nog sake wat hy in Jerusalem gaan doen het (Hand 24:17). Die verdere bewys wat Paulus voorlê, is dat die Jode wat hom beskuldig hom nêrens – nie in die tempel of in die sinagoges of iewers op straat – **gevind het waar hy met iemand praat of 'n opstand van die volk verwek nie.**

Terwyl Paulus die bewyse noem vir sy verdediging wys hy daarop dat die Jode nie een van die klagtes teen hom kan bewys nie.

Paulus kon sy verdediging met goeie moed selfs voor so 'n man soos Felix gee, want die hele saak was in Paulus se guns. Die Jode het geen bewyse om voor te lê nie. Paulus kan die een bewys na die ander opnoem om sy verdediging te ondersteun.

- | |
|--|
| 4. Wat sê Paulus met betrekking tot die derde klagte teen hom? (vers 14) |
| 5. Waarom maak Paulus weer melding van die opstanding? (vers 15) |
| 6. Hoekom sê Paulus dat hy streef om 'n rein gewete voor God en mense te hê? (vers 16) |

Tertullus het in sy klagstaat teen Paulus 'n derde klagte gehad – naamlik dat Paulus 'n leier is van die sekte van die Nasareners. **Op hierdie klagte erken Paulus dat hy die Here dien volgens die Weg wat deur die Jode 'n sekte genoem word.** Paulus se diens aan die Here is nie net 'n godsdienst nie, dit is sy lewensstyl. En hierdie Weg waarvolgens het die Here dien, wyk nie af van wat in die Skrif geopenbaar word nie. Inteendeel, hy dien die God van sy vaders terwyl hy glo wat in die wet en die profete geskryf staan. Dus is daar wat die inhoud betref nie 'n verskil tussen Paulus en die Jode nie. Die verskil gaan oor die wyse waarvolgens Paulus die Here dien.

Paulus noem dat hy net soos die Jode 'n hoop op God het dat daar 'n opstanding van alle mense sal wees – regverdiges sowel as onregverdiges. Paulus het goed geweet dat die Sadduseërs nie in die opstanding glo nie en die hoëpriester was 'n Sadduseër. Maar onder die ouderlinge was daar seker ook Fariseërs wat wel in die opstanding geglo het. Hierdie opmerking van Paulus sou sekerlik 'n reaksie van die hoëpriester en ander Sadduseërs ontlok het.

Deur die saak van die opstanding in sy verdediging te noem, toon Paulus aan waarom die Jode eintlik teen hom gekant is. Die klagte wat hulle teen Paulus het, het niks met die politiek en opstand te doen soos wat Tertullus dit aangebied het

nie. Die Jode is teen Paulus gekant op grond van die verskil in hulle Skrifverklaring. Dit is dus 'n teologiese verskil.

Juis omdat Paulus glo dat daar 'n opstanding van die regverdiges en onregverdiges is en omdat almal op die laaste dag voor die regterstoel van God sal staan, word Paulus se lewe nou beïnvloed. Hy streef daarna om 'n rein gewete te hê voor God en mense. Hy streef na 'n lewe waarin die Here verheerlik word, **want hy weet dat hy eendag rekenskap sal moet gee van sy optrede teenoor God sowel as sy optrede teenoor mense.**

- | |
|---|
| 7. Waarom, sê Paulus, het hy na Jerusalem gekom? (vers 17) |
| 8. Waarmee was Paulus in die tempel besig toe die Jode uit Asië hom gevind het? (vers 18) |
| 9. Watter bewyse voer Paulus nog aan in sy verdediging? (vers 19-20) |
| 10. Waaroor, sê Paulus, word hy eintlik deur die Jode aangekla? (vers 21) |

Paulus het reeds genoem dat hy skaars twaalf dae gelede na Jerusalem gekom het om te aanbid (Hand 24:11). **Hy het egter ook gekom om aalmoese aan sy volk te bring en offers.** Die aalmoese waarna Paulus verwys, is die kollekte wat die verskeie gemeentes ingesamel het vir die verarmde Joodse Christene in Jerusalem. Aangesien dit Paulus se begeerte is dat die Jode ook tot geloof in Christus sal kom, kan hy met eerlikheid sê dat hy die aalmoese vir sy volk gebring het. Die offers waarvan hy praat, verwys na die kostes wat hy gedra vir die vier manne wat hulle gelofte aan die Here betaal het.

Dit was aan die einde van die heiligingstyd saam met die vier manne wat die gelofte aan die Here gedoen toe die Jode vir Paulus in die tempel gevind het. **Hy was juis besig met die offers vir die vier manne toe Jode op hom afgestorm het.** Hy was verseker nie besig om 'n opskudding te veroorsaak nie en hy was beslis nie met 'n skare mense besig nie. As daar dan sprake van ontheiliging is, is dit eerder die Jode uit Asië wat die tempel ontheilig het deur hulle optrede teenoor iemand wat besig is om die Here te aanbid en offers te bring.

Omdat al die bewyse aan Paulus se kant is dat hy geen politieke opstand beplan het nie, gaan hy voort om nog bewyse voor te lê. **Die Jode uit Asië wat hom in die tempel gevind het, moes eerder nou daar in Cesarea gewees het**, sodat hulle self kan vertel waarmee Paulus in die tempel besig was.

Die Jode uit Asië is egter nie daar in Cesarea nie, waarskynlik op aanbeveling van die Joodse Raad. **Maar aangesien die hoëpriester en die ouderlinge teenwoordig is, kan hulle maar bewyse vir hulle beskuldiging teen hom voorlê.** Hy het immers voor hulle verskyn en almal van hulle wat nou in Cesarea teenwoordig is, was vyf of ses dae gelede in die Joodse Raad teenwoordig toe hy voor hulle verskyn het.

Daar was werklik geen bewyse wat die Jode of die Joodse Raad aan die goewerneur kon voorlê om hulle aanklagtes teen Paulus te ondersteun nie. Daarom gaan Paulus voort om aan Felix te sê waarom die Jode hom nou eintlik voor die goewerneur kom aankla het. **Dit gaan oor die een woord wat Paulus in die Joodse Raad gesê het – die opstanding van die dode.**

Met hierdie woorde het Paulus dit aan Felix duidelik gemaak dat dit oor 'n teologiese vraagstuk gaan en nie omdat hy 'n politieke gevaar vir die Romeine is nie. Hierdie woorde sou vir Felix in 'n baie moeilike posisie geplaas het, want goewerneur Gallio van Achaje het reeds 'n paar jaar gelede gesê dat hy nie regter oor godsdienstige sake wil wees nie (Hand 18:14-15).

1.3 Handeling 24:22-23 – Felix se gevolgtrekking na die verhoor

22 Toe Felix dit hoor, het hy hulle saak uitgestel, alhoewel hy noukeurig genoeg met die dinge van die Weg bekend was; en hy het gesê: **Wanneer Lísias, die owerste oor duisend, afkom, sal ek julle saak ten volle ondersoek.**

23 En hy het die hoofman oor honderd beveel om Paulus te bewaak, maar dat hy verligting moes hê, en dat hy niemand van sy eie mense moes verhinder om hom te bedien of te besoek nie.

1.3.1 Vrae by Handeling 24:22-23

1. Om watter rede het Felix die saak tussen die Jode en Paulus uitgestel? (vers 22)

2. Hoedanig is Paulus as gevangene behandel? (vers 23)

Felix het die saak uitgestel deur die klaers en aangeklaagde in die saak te laat verstaan dat hy op Lisis wag. Tog merk Lukas op dat Felix noukeurig genoeg bekend was met die dinge van die Weg. Vanuit verskeie oorde en veral in sy kontak met die Jode het Felix al goed geweet waaroor die gelowiges se geloof gaan. Hy het waarskynlik ook al geweet dat Jesus Christus die groot verskil tussen die Jode en die Christene is. Dus het Felix genoeg geweet om die saak in die guns van Paulus te beslis. Lisis het buitendien ook sy getuienis aangaan die saak in die brief aan Felix bekend gemaak.

Dit blyk dat Felix homself openlik neutraal wil hou in die saak. Hy wil nie uitspraak gee in die guns van Paulus en so laat blyk dat hy aan Paulus se kant is nie. Daarom speel hy eerder vir tyd met hierdie oënskynlike verskoning waarom hy nie nou reeds uitspraak kan gee nie. Vir Felix het dit nog rustigheid van die Jode se kant af verseker en vir Paulus het dit beteken dat hy beskerm word teen sy Joodse teenstanders.

Alhoewel Felix nie vir Paulus vrygelaat het nie, maar steeds as gevangene aangehou het, het daar tog verligting vir Paulus gekom. Aan die hoofman oor honderd het Felix die bevel gegee dat niemand van Paulus se eie mense verhinder moet word om vir Paulus te besoek en te bedien nie. Buiten dat Paulus in die paleis van Herodes bewaak is, het mense soos Lukas en Filippus vrye toegang tot Paulus gehad. Hulle kon hom van die nodige middele voorsien, soos kos en klere. Verder het hy die voorreg van gelowige geselskap gehad tydens die besoeke van sy mense.

2. Handeling 24:24-27 – Paulus word vir twee jaar aangehou

24 En 'n paar dae daarna het Felix gekom saam met Drusilla, sy vrou, wat 'n Jodin was, en het Paulus laat haal en hom aangehoor oor die geloof in Christus. 25 Maar toe hy spreek oor geregtigheid en selfbeheersing en die toekomstige oordeel, het Felix baie bang geword en geantwoord: Gaan vir hierdie keer heen, en as ek 'n geleentheid vind, sal ek jou laat roep.

26 En tegelykertyd het hy ook gehoop dat geld aan hom deur Paulus sou gegee word om hom los te laat. Daarom het hy hom ook dikwels laat haal en met hom gesprekke gehad.

27 Maar twee jaar het verbygegaan, en toe kry Felix vir Porcius Festus as opvolger; en omdat Felix aan die Jode 'n guns wou bewys, het hy Paulus as gevangene agtergelaat.

2.1 Vrae by Handeling 24:24-27

- | |
|---|
| 1. Waarom het Felix saam met sy vrou vir Paulus aangehoor oor die geloof in Christus? (vers 24) |
| 2. Wat het Paulus verkondig wat vir Felix bang gemaak het? (vers 25) |

Tydens die aanvanklike verhoor van Paulus het Lukas al opgemerk dat Felix noukeurig genoeg bekend was met die geloof in Christus om 'n uitspraak te kon lewer. Maar hy het kwansuis die saak uitgestel om nog eers Lisias se getuienis te hoor, maar hy het reeds Lisias se getuienis gehad in die brief wat hy van hom ontvang het. Dit word dus duidelik dat Felix 'n ander agenda het waarom hy nie die uitspraak in die saak gee nie. Die enigste uitspraak wat hy kan gee, is dat Paulus vrygelaat moet word, aangesien die Jode geensins die aanklagte teen Paulus kan bewys nie.

'n Paar dae na dié verhoor het Felix vir Paulus laat haal om saam met sy vrou Drusilla vir Paulus aan te hoor oor die geloof in Christus. Dit is moontlik dat Felix uit **nuuskierigheid** nog meer te wete wou kom van die geloof in Christus, aangesien hy reeds kennis daarvan het. Dit is ook moontlik dat hy vir Paulus laat haal het om sy vrou te **vermaak** aangesien sy 'n Jodin was. Of miskien was Felix van plan om voor sy mooi vrou te **spog** oor alles wat hy van die geloof in Christus weet. Dit het egter met die verloop van tyd vir Felix 'n kat en muis speletjie geword met Paulus (vgl. Hand 24:26-27).

Dit is reeds genoem dat Felix 'n vrygestelde slaaf is wat tot die posisie van goewerneur gevorder het omdat hy onder andere sy huwelike daarvoor gebruik het. Uit die buite Bybelse bronne is dit bekend dat Drusilla die derde vrou was met wie

Felix getroud is. Hy was voorheen ook met die kleindogter van Markus Antonius en Cleopatra getroud. Drusilla was die dogter van Herodes Agrippa I wat koning was van 37 tot 44 nC. Dit is hierdie Herodes wat Jakobus die broer van Johannes laat dood maak het en wat vir Petrus in die gevangenis gehad het en wat onder die oordeel van die Here gesterf het (Hand 12:1-4, 20-25). Drusilla was die suster van Herodes Agrippa II en Bernice van wie ons in Handeling 25 lees.

Felix was nou al drie jaar met haar getroud en sy was in die stadium omtrent 19 jaar oud. Sy was voorheen getroud met koning Azizus die koning van Emesa 'n klein staatjie binne Sirië. Felix het haar eenvoudig van haar eerste man af verlei. Felix en Drusilla se morele waardes het in werklikheid veel te wense oorgelaat.

Getrou aan die opdrag wat Paulus van die Here ontvang het – naamlik om getuie van Jesus voor konings te wees – het Paulus die geleentheid aangegryp om die evangelie van Christus te verkondig. Die sake waarop Paulus in hierdie verkondiging gefokus het, was **geregtigheid, selfbeheersing en die toekomstige oordeel**.

Uit hierdie drie punte kan ons aflei dat Paulus Jesus Christus as die geregtigheid verkondig het. Dit is alleen Christus se geregtigheid wat deur die Gees aan die mens gegee word, wat die mens voor God kan regverdig. Wie deur Christus geregverdig is, kry ook beheer oor sy eie geaardheid om sy hele menswees aan Christus gehoorsaam te maak. Elke mens staan voor God verantwoordelik, want daar is 'n toekomstige oordeel. Christus het belowe dat die Heilige Gees mense met hierdie drie dinge sal konfronteer en hulle tot geloof bring (Joh 16:8-11).

Die Heilige Gees het Felix ook van hierdie dinge oortuig. Maar in plaas daarvan om homself te verneder voor die Here, het hy die besluit uitgestel. Hy het Paulus laat gaan en gesê dat hy hom weer sal roep wanneer hy die geleentheid daarvoor vind.

- | |
|--|
| 3. Op watter voorwaarde was Felix bereid om vir Paulus vry te laat? (vers 26) |
| 4. Wat was die gevolg daarvan dat Paulus nooit omkoopgeld aan Felix gegee het nie? (vers 27) |

Die aanhoor van Paulus deur Felix oor die geloof in Christus, waarvan Lukas in die vorige twee verse berig, blyk nie 'n egte soeke van Felix se kant te wees na die waarheid nie. Na daardie geleentheid het hy gedurende die volgende twee jaar dikwels gesprekke met Paulus gehad. Sy oogmerk was nie om meer van die geloof in Christus te wete te kom nie. **Sy oogmerk was om vir Paulus deur watter wyse ook al oor te haal om 'n som geld aan hom te betaal sodat hy hom sou vrylaat.**

Felix het meer as genoeg inligting gehad om te weet dat Paulus onskuldig is aan die aanklagte van die Jode. Maar as gevolg van sy eie gierigheid en selfsug het hy nie tot die besluit gekom om Paulus vry te laat nie.

Of Felix vir Paulus direk gevra het vir omkoopgeld, is nie duidelik nie. Vir Paulus was dit egter duidelik op watter voorwaarde Felix bereid was om hom vry te laat en hy het dit aan Lukas vertel. Daarom kon Lukas dit so uitdruklik neerskryf.

Paulus het egter vas bly staan by die beginsels van geregtigheid en nooit geld aan Felix aangebied nie. **Met die gevolg dat Paulus nooit deur Felix vrygelaat is nie en dit het 'n volle twee jaar geduur.** Porcius Festus het as goewerneur by Felix oorgeneem. Felix het ter wille van die goeie guns van die Jode vir Paulus in die gevangenis laat bly toe hy uit Cesarea vertrek het.